# Redaksioneel

## WYLE PROF JI DE WET

PROF BJ ENGELBRECHT
(Dekaan, Teologiese Fakulteit, Afdeling A, Universiteit van Pretoria).

Dit was met leedwese en 'n mate van skok dat sy familie, die dosente van beide die Hervormde èn NG Afdelings van ons Teologiese Fakulteit, die studente, die predikantekorps en baie lidmate van ons Kerk op die vroeë oggend van 27 April 1983 verneem het van die skielike afsterwe van die sewe-en-vyftig-jarige professor Koos de Wet enkele ure te vore. Vandat die Teologiese Fakulteit in 1917 tot stand gekom het en die NG-Kerk se afdeling in 1938 daaraan toegevoeg is, het professor De Wet die eerste geword wat in die tuig gesterf het.

Professor De Wet het 'n paar jaar gelede wel 'n ernstige hartaanval gehad, maar het feitlik dadelik nadat hy die hospitaal verlaat het, met sy doseerwerk, sy kommissiewerk op kerklike liggame (soos die Raad van Regsadvies en die Raad vir Belydenis- en Liturgiese Geskrifte) en sy gemeentewerk as pastorale hulp in gemeentes voortgegaan. Dit is daarom tiperend van professor De Wet dat hy op die laaste aand van sy lewe, enkele ure voor sy oorlye, nog huisbesoek in Delarey (in Johannesburg) gedoen het. Dit is tiperend van hom omdat hy, behalwe professor in Praktiese Teologie, in hart en siel pastor, praktiese Hervormde predikant, gebly het. Vir hom was alle teologiese besinning wat nie die kerklike verkondiging (in al die fasette daarvan) gedien het nie, nie alleen nuttelose harsinggimnastiek nie, maar ook volkome sinloos.

Professor De Wet was vandat hy op 14 Februarie 1951 in Melville georden is, vir sewentien jaar voltydse predikant – in 1951 in Johannesburg-Noord; in 1958 in Krugersdorp-Oos; in 1961 studenteleraar in Pretoria en vanaf 1964–1967 in Philadelphia. Intussen het hy by die Universiteit van Pretoria ingeskryf vir studie om onder my leiding die doktorsgraad in Teologie te behaal. Verder het hy ook geleentheid gehad om sekere gedagtes om die bediening van die Woord meer doeltreffend te maak, in sy gemeentes prakties uit te toets. Een so 'n proef was om die kinders vir kategese met die

oggenddiens kerk toe te laat kom waar die prediking by die kategeserooster ingeskakel het. Die kategese daarna kon dan baie korter wees. Trouens, beide ouers en kinders het vooruitgeweet wat die Skrifgedeelte sou wees vir die komende Sondagoggend se prediking. Baie gesinne het hulle dan ook gedurende die week deeglik voorberei vir beide die erediens èn kategese. Dié gedagte het o.a. pragtig gewerk in Krugersdorp-Oos se gemeente waar die Weeshuiskinders erediens en kategese bygewoon het. Daarvan kan ek uit praktiese ervaring getuig. Ek het naamlik die pastorale werk vir 'n tyd lank behartig nadat professor De Wet as studentepredikant na Pretoria gekom het.

Professor De Wet het dus nie net goed en hard in sy gemeentes gewerk nie, maar het daarbenewens ook hard gestudeer en sekere idees prakties uitgetoets. In 1961 het hy sy doktorsgraad behaal met 'n goeie, waardevolle proefskrif: *Die kerklike verkondiging in die huidige tydsgewrig.*

Agter professor De Wet se studie en proefskrif lê daar nogal iets wat ek wil vermeld: Nadat ek self in 1952 aangestel is as professor en hoof van die vyfde departement, Sistematiese Teologie (Dogmatiek, Christelike Etiek en Ensiklopedie van die Teologie), het die destydse lede met mekaar beraadslaag oor hoe die Fakulteit in die toekoms moet uitbrei om ons Kerk die beste te dien. Die Fakulteitslede was toe: proff SP Engelbrecht, B Gemser, HP Wolmarans, AS Geyser, ek self en A van Selms, professor in Semitiese Tale as "lektor". Ons het uiteindelik besluit dat die sesde departement dié van Praktiese Teologie sal wees. Die probleem was egter: Ons het geen gedoktoreerdes in dié rigting gehad nie en ook geen Departement Praktiese Teologie om manne op te lei nie. Ons wou nie graag iemand uit Holland invoer nie. Daar is toe besluit dat ek, wat enkele jare tevore onder prof G van der Leeuw Liturgiek geneem het, één of meer studente in Praktiese Teologie sou oplei, óók omdat Christelike Etiek en Praktiese Teologie "so naby aan mekaar lê"! Uiteindelik het ek wel daarin geslaag om dr LM le Roux (wie se proefskrif oor die Kerklike Jeugwerk gehandel het) en dr JI de Wet (wie se proefskrif die Kerklike verkondiging behandel het) op te lei. Hoewel ek professor De Wet ook gedurende sy BA-BD-studie geken het, het ek hom as persoon en sy akademiese vermoë eers gedurende sy doktoraalstudie goed leerk ken. Dit het geblyk dat hy sy vakliteratuur nie net noukeurig gelees het nie, maar ook dat hy altyd krities daaroor nagedink het en die uiteindelike resultate helder en op 'n

wyse kenmerkend van hom, geformuleer het. Die kriterium van sy kritiese denke was altyd die Skrif self. Miskien omdat hy in 'n Dogmatiek-departement gestudeer het, het hy in sy doktoraalstudie en later in sy professoraat met die één basiese beginsel van die Reformasie erns gemaak, naamlik met die *sola Scriptura* wat impliseer dat die Heilige Skrif alleen die bron en norm van ons geloof, van ons lewe uit die geloof en van ons nadenke daaroor, die teologiese wetenskap, is. Hy het dankbaar van hulpwetenskappe gebruik gemaak, maar dan krities op so 'n wyse dat die Skrif altyd *norma normans* gebly het, die norm waaraan al ons teologies-wetenskaplike denke gemeet moet word. In die laaste artikel wat hy gepubliseer het (*Die Hervormer,* Mei 1983) worstel hy weer eens met die probleem van die plek en gewig van die hulpwetenskappe in 'n teologie wie se uitgangspunt die *sola Scriptura* is. Hy kom tot die slotsom: "Die kerk kan sekerlik hierdie metodes gebruik as hulle, (èn sover as wat hulle) diensbaar is aan die Bybelse veronderstellinge en doelwitte."

Vanaf sy verhuising in 1961 na die studentegemeente in Pretoria het hy, by sy gemeentewerk, ook deeltyds Bybelkunde aan die Universiteit van Pretoria gedoseer en vanaf 1963 was hy tydelik-deeltydse dosent in Praktiese Teologie aan ons Fakulteitsafdeling. Sy akademiese vermoë en prestasies is bekroon toe hy in Februarie 1968 aangestel is as die eerste professor in (en hoof van) die Departement Praktiese Teologie, Afdeling A.

Behalwe sy proefskrif, het professor De Wet aan die volgende boeke meegewerk deur hoofstukke daarin te skryf, naamlik: *Die Bybelse Geskiedenis vir Kategese; Die Kerk se Werk: Kategismusonderrig* 1973 èn *Evangelisasie* (1976–1978).

Daarbenewens het professor De Wet ook 'n tiental wetenskaplike artikels, hoofsaaklik in die *Hervormde Teologiese Studies* gepubliseer. Hierdie publikasies asook sy diktaat-lesings oor die *Inleiding in die Praktiese Teologie* en *Prinsipiële Homilitiek* en sy ongepubliseerde lesings, *Ampsetiek* en *Die Vorm van die Erediens* is (en word) nie alleen deur sy doktoraalstudente nie, maar ook wyer aangehaal.

Professor De Wet se sterk punt het dus in die eerste plek nie soseer in baie publikasies gelê nie, maar in die goeie opleiding wat hy veral aan sy doktoraalstudente gegee het. Partymaal, as sommige van hulle op 'n vergadering gepraat het, is daar goedig gespot dat hulle presies soos professor De Wet dink en formuleer. Vir my toon dit aan met watter onderskeiding hy op sy vakgebied gewerk het en sy invloed

wyer laat uitkring het. Sy promovendi is prof DH Booysen, drr MJ du P Beukes, ECB Kotzé, GN Bloem en SGA Golden.

Professor De Wet het nie net grondig oor die hartaar van die liturgie, die prediking, besin nie, maar hy was ook 'n uitstekende prediker. Hy het sy preek èn homself altyd deeglik voorberei. Daarom vind ons dan ook min vae algemeenhede in sy preke – dikwels eerder pragtige flitse van oorspronklike vondse.

Behalwe sy kerklike betrokkenheid, het professor De Wet ook aktief in kultuur- en onderwysaangeleenthede belang gestel en op skakelkomitees, skoolkommissies, beheerrade en skoolrade gedien. Hy was ook lid van die "Nasionale Raad vir Gesinsorg en Huweliksvoorligting", asook van die "Nasionale Jeugraad van die FAK".

Professor De Wet was iemand met sterk standpunte. In beginselsake was hy onbuigbaar en tog het hy sosiaal altyd netjies en korrek opgetree.

Dit is vir die redaksie van die Hervormde Teologiese Studies aangenaam om hierdie nommer uit waardering en dankbaarheid aan sy nagedagtenis op te dra.